*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (06/24)*
**(Volg my op X justchad_cga)**
*Justin Chadwick 9 Februarie 2024*

***"You don't lose if you get knocked down, you lose if you stay down" Muhammad Ali***

## VISIE 260: VERSKEPINGS-OPSIES VIR VERDERE GROEI VAN SUIDER-AFRIKA SE SITRUS-UITVOERE

Die Citrus Growers Association of Southern Africa (CGA) verwelkom die aankondiging dat 'n toonaangewende globale verskepingslyn, Hapag-Lloyd, nou sy dienste in die uitvoer van sitrus vanaf die hawens in Durban en Gqeberha aanbied. Die nuwe diens sal teen einde Mei aktief wees, betyds vir die grootste deel van die 2024-seisoen se sitrus, en sal duur tot September.

Hapag-Lloyd se toetrede is 'n direkte gevolg van 'n adviesprojek wat deur 'n aantal varsprodukteverenigings, insluitend die CGA, in 2022 van stapel gestuur is. In dieselfde jaar het 'n studie deur die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) bevind dat vier uit vyf sitrusprodusente 'n verlies gemaak het, met uiters hoë verskepingstariewe wat 'n groot bydraende faktor tot die afname in winsgewendheid was.

Die CGA se rol in die fasilitering van Hapag-Lloyd se toetrede tot die mark, is aangepak in die hoop om kapasiteit sowel as mededinging te verhoog, sodat langtermyn volhoubaarheid vir die sektor verseker kan word.

Onlangse stygings in verskepingspryse weens aanvalle op skepe in die Rooi See, sowel as droogte verwante komplikasies wat die Panama-kanaal raak, het gewys hoe baie vrugte-uitvoerders aan stygings in verskepingstariewe blootgestel is, en die CGA beskou enige maatreël wat 'n mate van stabiliteit en mededinging in die skeepsvaartmark kan inbring, as 'n stap vorentoe.

Die sitrusbedryf en die breër ekonomie het soveel moontlik toegang tot skeepsvaart nodig. Behalwe om die mark mededingend en buigsaam te hou, is 'n nuwe toetreder ook welkom in die konteks van die groot geprojekteerde toename in sitrus oor die volgende paar jaar. As alle rolspelers saamwerk om marktoegang en meer vaartbelynde logistiek te verseker, kan Suid-Afrika heel moontlik sy sitrusuitvoere met 20 miljoen 15 kg-kartonne sitrus in die komende seisoen verhoog. Dit is die CGA se doelwit om 'n bykomende 100 miljoen kartonne teen 2032 uit te voer. Verlede jaar het ons 165,1 miljoen kartonne uitgevoer.

## WÊRELD SITRUS-ORGANISASIE EN FRUIT LOGISTICA

Nege belangrike sitrusproduserende lande het 'n vergadering van die Wêreld Sitrus-organisasie (WCO) in Berlyn bygewoon, aangesien die organisasie aanhou groei, met elf volle lidlande en 27 (binnekort 29) geassosieerde lede. Lande wat nog nie op die WCO verteenwoordig is nie, word aangemoedig om aan te sluit sodat die Organisasie sitrus as 'n toonaangewende vrugtesektor in die wêreld kan versterk. 'n "Round Table" bespreking het 'n aantal weergebeurtenisse aan die lig gebring wat die internasionale oes beïnvloed, en algemene ooreenstemming dat hierdie klimaatsgebeure 'n sleutelrisiko vir die bedryf is. Droogte en oormatige hitte was 'n algemene bekommernis regoor die wêreld. Klimaatsverandering beïnvloed ook die dinamika van plae en siektes. Die wêreld se voorste lemoenprodusent, Brasilië, het verwoestende Asiatiese vergroening-dinamika gerapporteer, wat die beskikbaarheid van lemoene vir versapping beïnvloed.

Om beste praktykte met mekaar te deel en van mekaar te leer, is 'n sleuteldoelwit van die WCO. Gesprekke het ook plaasgevind rondom die bevordering van die sektor, en volhoubaarheid – met werksgroepe wat gevorm is om hierdie aspekte van die sitrusbedryf te bespreek.

Diegene wat gedink het dat Fruit Logistica deur Fruit Attractions vervang word, moet weer dink. Die handelskou in Berlyn was sy gewone frenetiese geleentheid. Die Suid-Afrikaanse stalletjie het van dag een af gegons. Die uitleg van die stalletjie was uitstekend met baie tafels vir afgevaardigdes om met mekaar te praat – ten spyte van die inbring van meer tafels en stoele, is die besit van 'n tafel jaloers bewaak namate meer en meer Suid-Afrikaanse vrugtebedryf rolspelers by die stalletjie ontmoet het. Baie geluk aan Fresh Produce Exporters Forum wat alles bymekaar gesit het (met besondere lof vir Marletta Kellerman en haar energie en entoesiasme). Dankie aan die Ambassade vir die ontvangs van besoekers, aan die DTIC vir gedeeltelike befondsing, en SATI, HORTGRO, CGA, BerriesZA, SUBTROP, Fruit SA en FPEF vir die befondsing van die balans op kort kennisgewing.

***THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE CITRUS GROWERS' ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA***